Rinada-boeke

7

Goed, beter... Afrikaans

Eerste Addisionele Taal

Werkboek

Naam: _____

Klas: _____

Goed, beter …

Afrikaans

Eerste Addisionele Taal

7

RINADA-BOEKE

ALLE REGTE VOORBEHOU. GEEN GEDEELTE VAN HIERDIE WERKBOEK MAG OP ENIGE MANIER SONDER TOESTEMMING GEKOPIEER WORD NIE.

ISBN: 9781928370000

KONTAKBESONDERHEDE:
sales@km-edubooks.co.za
Sel: 082 7695506
Faks: 086 2744496

Hersiene uitgawe 2016
ISBN: 9781928370000

Voorbladontwerp: Gustav Brandt

Gedruk deur:

ERKENNINGS:
Artikels: Toestemming is van die volgende kopiereghouers verkry vir die gebruik van artikels:
Huisgenoot: Air Force One, bl.64
Cool, cooler, Hoezit!: Koel Suid-Afrikaanse sportsterre, bl.75; Glo in jouself, bl.78

Alle pogings is aangewend om die wettige kopiereghouers op te spoor. RINADA-BOEKE verneem graag van kopiereghouers indien daar enige regstellings of byvoegings gedoen moet word.

INHOUDSOPGAWE

EENHEID 1 – (TYE) TEGNOLOGIE	3
Sjoe, maar dis ‘n slim tweestuk	3
Tegno jou baas? Nooit!	5
Selfies!	7
Taalreëls – Die Tye	10
Taaloefeninge	10
Gedig: Pieter in die playstation	13
Taalkommunikasie	14
EENHEID 2 – (WOORDORDE) WAT VIND JY INTERESSANT?	15
Speletjies van ouds	15
Taalreëls – woordorde	17
Taaloefeninge	17
Albasters, touspring en brandbal	21
Kreatiewe skryfwerk	22
Opkomende sport – skaatsplankry	23
Skaatsplankry – vertel my meer	25
Woordeskatspeletjie	26
Kreatiewe skryfwerk	26
Zits	27
EENHEID 3 – (ONTKENNING - RIGTING EN TYD) SKOOL	29
Skoolkaart	29
Rigting	30
Volgende jaar ‘n groentjie	31
Spotprent	32
Hoe laat is dit?	33
My rooster	34
Spotprent	34
Die personeelkamer	35
Taalreëls – ontkenning	36
Taaloefeninge	38
Gedig: Wiskundeklas	40
EENHEID 4 – (VOEGWOORDE) DIERE	42
Sunshine die ene oë en ore … en nek en bene	42
Taaloefening	44
Taalreëls – voegwoorde	45
Hart eis een van dieretuin se oudstes	47
Homofone en homonieme	48
Taaloefening	49
Brakkie leef na ‘n week in gat	50
Dis toe nie misdaad	52
Ysbeer steel wêreld se hart	53
Kreatiewe skryfwerk	54
Intensiewe vorm	55
Gedig: Waarom kameelperd ‘n lang nek het	56

EENHEID 5 – (DIREKTE EN INDIREKTE REDE) VERVOER	57
Tannie se pretrit word nagmerrie	57
Taaloefening	59
Jonge Kelvin het renne in sy gene	60
Taalreëls – Direkte en Indirekte rede	61
Die Amerikaanse Air Force One	62
Blou trein-passasiers moet bus ry, vlieg ná probleme	63
Taaloefening	65
Kreatiewe skryfwerk	66
EENHEID 6 – (LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM) SPORT	67
Voëltjie van 'n hou	67
Taaloefening	69
Taalreëls – Lydende en Bedrywende vorm	70
Advertensie	72
Koel Suid-Afrikaanse sportsterre	73
Glo in jouself!	75
Atlete gebore met yster in hul are	76
Taaloefening	78
Gedig: Tekkel hom!	79
EENHEID 7 – LANDE EN STEDE VAN DIE WÊRELD	80
Indië – land van die Taj Mahal en Bengaalse tiere	80
Byvoeglike naamwoorde	82
Voegwoorde – Japan – die land van soesji en samoerais	83
Voorbereide praat	84
Lydende vorm – Italië – die land van Pisa en pizza	85
Woordstrukture – Smartieboks-stede	87
Paragraaf	88
Byvoeglike naamwoorde – Lande, volke	88
Taaloefening – Ontdek Londen	89
EENHEID 8 – INTERESSANTHEDE	91
Praat en skryf	91
Begripstoets – BFF's	92
Skryfwerk	94
Begripstoets – Help mekaar	94
Pasmaats	96
Woordstrukture	97
Taal – Tye	98
Skryfwerk – Paragraaf	99
Reëls – meervoude	100
Reëls – verkleinwoorde	102

EENHEID 1 – TYD – (TEGNOLOGIE)

SJOE, MAAR DIS 'N SLIM TWEESTUK!

Jy hoef nooit weer bang te wees dat jou iPod se battery pap gaan word wanneer jy 'n dag op die strand spandeer nie. Jy kan nou vir jou 'n pragtige tweestuk (bikini) koop waarmee jy jou iPod of ander toerusting kan laai. Die swembroekie lyk soos 'n gewone bikini, maar is ook 'n sonkragopwekker waarmee jy jou draagbare elektroniese toerusting kan herlaai. Sorg net dat jy in die son kom en dit is belangrik dat die USB-poort droog is.

Met die Solar Bikini kan jy jou iPod of kamera se kabel by 'n USB-kragpunt indruk wat in die materiaal ingeweef is. Dit neem 80 uur om so 'n swembroek met die hand te maak. So 'n bikini kos ongeveer R1500, maar dit hang af van die grootte, en die beste is dat jy in die bikini kan swem.
Die bikini is deur 'n dertigjarige New Yorkse man, Andrew Schneider, ontwerp. Hy het aan die Universiteit van New York gegradueer. Hy sê hy wil volgende 'n swembroek vir mans maak waarmee hulle hul bier kan koud hou.

'n Mens het 'n groter oppervlak nodig vir dié panele en daarom werk hy nou met die gedagte van "board shorts". Andrew dink hulle gaan hom die iDrink noem.

Verwerk uit: Rapport, 17 Julie 2011

WOORDESKAT

Soek die volgende woorde se Engelse betekenis in 'n woordeboek op.

TWEESTUK		ONTWERP	
LAAI		SONKRAGOPWEKKER	
DRAAGBARE		ELEKTRONIESE	
TOERUSTING		OPPERVLAK	



VRAE

Beantwoord nou die volgende vrae oor die leesstuk:

1. Waarvoor hoef jy nooit weer bang te wees nie?

   ……

   …… (2)

2. Hoe kan jy jou iPod op die strand laai?

   …… (1)

3. Kan jy slegs jou iPod herlaai? Motiveer jou antwoord deur 'n GEDEELTE VAN 'N SIN uit die teks aan te haal.

…… (2)

4. Wat is die TWEE belangrikste vereistes voordat jy jou iPod sal kan herlaai?

……

…… (2)

5. Kies die KORREKTE antwoord: Skryf net die letter neer.
Dit neem _____ om die bikini met die hand te maak.



A. 80 ure
B. 3 dae
C. 3 dae en 8 ure
D. 3 ½ dae

…… (1)

6. Hoeveel sal jy min of meer vir so 'n bikini betaal?

…… (1)

7. 7.1 Wie se idee was hierdie bikini? Skryf sy naam en van neer.

…… (1)

7.2 Hoe oud was hy?

…… (1)

7.3 Waar het hy gewoon?

…… (1)

7.4 Waar het hy studeer?

…… (1)

8. Wat is hy tans besig om te maak?

…… (1)

9. Wat gaan hierdie swembroek spesiaal maak?

…… (1)

[15]